

Jan Steyn Preek 17 Februarie 2019

Tema: Nuwe familie: Die derde kruiswoord

Teks: Johannes 19:23-27

Inleiding:

Ek wil begin met twee alledaagse voorbeelde wat my iets geleer het oor familiewees en kerkwees.

Ons het hierdie klein swart en wit wyfiekatjie wat basies elke dag iets halfdood of lewendigs die huis inbring. Daar was al voëltjies, 'n reuse mot, twee lewendige muise en 'n massiewe skerpioen. Ek het bietjie gaan oplees hoekom sy dit doen. Basies is katte groepdiere. Hulle wil wat hulle gevang het met hulle familie deel. En sy sien ons as haar huismense as deel van haar familie. As sy dus hierdie muis die huis inbring, moet jy nie sien sy kom brag oor wat ek vir my gevang het nie. Sy kom vertel: Kyk wat het ek vir ons gevang. Die kat weet instinktief om diere te vang is deel van oorlewing en hierdie kuns moet aan haar familie oorgedra word. Daarom sal wyfiekatte lewendige prooi die huis inbring as hulle kleintjies het sodat sy hulle kan leer hoe om te jag. As ons swart en wit katjie dus muise en goggas die huis inbring, nooi sy dus eintlik vir ons as haar familie uit om ook soos sy te leer muise en goggas vang. Sy doen daarmee nie iets vir haarself nie, sy doen dit vir haar familie, om ons te leer en te versorg.

My oudste het vir een jaar in die Laerskool koor gesing. Na hierdie jaar het sy na my toe gekom en aangekondig sy is klaar met koor. Ek het natuurlik gevra hoekom sy wou ophou. Haar eenvoudige rede was: Pappa, hierdie storie is boring. Daar is geen solo's in koor nie!

Dis waar van die kerk ook. Dis soos die koor wat saamsing en nie 'n solo nie. 'n Man met die naam Pierre du Plessis skryf: **'n Mens kan nie kerk toe gaan nie. Jy kan nie by die kerk betrokke wees nie. Jy kan ook nie uit die kerk uit gaan nie. Die kerk is 'n lewende wese, 'n liggaam. Dit is dus nie net 'n gebou of n uur erediens Sondag nie. Ons is die kerk.** As daar iets is wat die Gees van God doen, dan is dit om ons te leer om *ons* te sê. Emil Brunner skryf dat die Heilige Gees die Gees van Gemeenskap (community) is. Hy haal die enkeling uit sy vereensaming en verbind ons aan 'n liggaam. Dis nogal moeilik in ons tyd, hierdie ons-ding, want die wêreld om ons wil ons leer om net ek te sê en dat alles op die ou end oor my en my behoeftes gaan. Die kerk is juis soos die katjie wat die muis bring- dis wat ek vir ons bydra, nie net wat het ek vir myself bereik nie.

Wat gebeur in Johannes 19?

Maria was Jesus se ma, Hy was haar oudste seun. Haar man Josef was teen hierdie tyd al oorlede en sy was 'n weduwee. Die een ding wat 'n oudste seun vir sy weduwee-ma sou doen voordat hy gesterf het, was om seker te maak dat sy goed versorg sou wees. Hy sou sekerlik sy broers kon vra om hierdie verantwoordelikheid by Hom oor te neem, maar ons lees in Johannes 7 hulle het nie geglo hulle broer is die Seun van God nie. Johannes was nie Maria se seun nie en daarom nie Jesus se broer nie. Hulle word nou familie. Jesus gee hulle aan mekaar. Hulle kies nie mekaar as moeder en seun nie, Jesus kies hulle om moeder en seun vir mekaar te wees. Daar kom nou hierdie nuwe familie tot stand en Johannes neem vir Maria in sy huis in en sy bly by hom totdat sy sterf. Die Here weet hoe hard en moeilik die lewe soms kan wees. Hy weet ons kan nie sonder mense klaarkom wat ons kan dra en ondersteun, maar ook kan reghelp as dit nodig is nie. Hy begeer ook dat ons hierdie ondersteun en reghelp vir ander kinders van Hom sal doen. Daarom gaan die kerk nie eerstens oor geboue en selfs eredienste nie, dit gaan oor verhoudings. Ons kan ook praat van vriendskappe. Miskien het dominee Tienie se flik ons geleer die vriendskappe wat ons nodig het, is wyer as selfs ons kerk se mure of deure.

In die kerk kies ek nie my broer of suster nie. Die kerk is mense wat deur Jesus aan mekaar gegee is.

As Jesus ons aan mekaar gee as broers en susters, moet ons weet dis nie die bloed wat in ons are vloei wat soos die Steyn bloed of Pienaar bloed of die Buthelezi bloed of die Stuurman bloed wat ons familie maak nie, maar die bloed wat vir ons gevloei het, Jesus se bloed. In die kerk kies ek nie my broer en suster nie, die Here doen dit vir my. Mense wat aan Jesus behoort en SY wil wil doen, is nou Sy broers en susters en mekaar se broers en susters. Ek dink aan die verhaal toe Jesus as jong seun weggeraak het en SY familie na Hom gesoek het. Toe hulle Hom kry, antwoord Hy hulle: Wie is my moeder en my broers? Elkeen wat die wil van God doen, is my broer en my suster en my moeder. (Markus 3:33-35) Toe Jesus aan die kruis gesterf het, hy Hy vir ons en God by mekaar uitbring. Toe Hy aan die kruis gesterf het, het Hy almal wat aan Hom glo, ook by mekaar uitbring. Jy het deur die kruis kindskap van God en familieskap van al God se kinders gekry.

Ons moet uit hierdie waarheid kies wie ons as kerk of gemeente wil wees. Ons kan hierdie kerk van uitsluiting wees- net mense wat ons liedjies ken en soos ons lyk en ruik en dink is welkom, die res glad nie. Of ons kan hierdie kerk van insluiting of omhelsing wees waar almal welkom is omdat hulle by Jesus ook welkom is.

Die saam eet van die nagmaal en elke ete vertel ons ons behoort aan Jesus en aan mekaar:

In die Bybelse tyd was dit baie belangrik vir mense om saam met mekaar te eet. Die saam eet het die boodskap gedra ons aanvaar jou en sien jy as deel van ons en ons groep. Natuurlik het dit ook beteken dat as ek jou vir ete genooi het, ek verwag dat jy my ook vir ete sal nooi. Daarom het ryk en arm mense nooit saam geet nie. Die ryk ou het baie lekker kos voorgesit by sy ete wat die arm ou nooit sou kon bekostig nie. Daarom as die arm ou by die ryk ou geet het, sou hy nooit kon bekostig om die ryk ou uit te nooi om by hom te kom eet sodat hulle kon eet soos die ryk ou geget het nie. Daarom het rykes saam met rykes geet en armes saam met armes. Die ryk ou sou die ander ryk ou kon uitnooi en die een arm sou kon bekostig om die ander arm ou te nooi. Dit het beteken jy is in jou klas gebore van ryk of arm en daar het jy vasgesteek. Klasse was tussen ryk en arm en geestelike mense en mense wat hulle as ongeestelik bestempel het soos sondaars, tollenaars en prostitute.

Jesus eet saam met almal. Met die kerkmense, maar ook met die sondaars en tollenaars en prostitute of straatvroue. Hy sien nie klasse nie en deur saam met alle mense te eet leer Hy dat Hy alle mense aanvaar en dat ons dit ook moet doen. In die eerste Christelike gemeentes hou mense gemeenskaplike maaltye- arm mense, ryk mense, mense met grade, mense sonder grade, bestuurders van besighede en die skoonmaker, die koerantverkoper en die burgermeester. Hierdie nagmaalstafel vanoggend is Jesus se tafel en by Sy tafel is elkeen welkom. Dis hierdie tafel van insluiting en omhelsing, nie van uitsluiting nie. Jesus se tafel is soos Alkoholiste Anomien. Daar is die bestuurder van die maatskappy en die rakpakker by die supermark en die ou met vier grade en die ou met Graad 10 gelyk- almal het dieselfde probleem en almal is alkoholiste en daarom kan niemand hom bo die ander verhef nie. Ons is almal kinders van God deur Sy genade en deur die liefde wat Hy deur die Jesus van die Kruis aan ons kom wys het. Daarom kan nie een van ons op die ander neersien nie. Genade maak ons gelyk.

Onthou volgende keer as julle as gesin of familie saam eet by die huis- watter boodskap dit oordra. Dis niks minder heilig as die Nagmaalstafel in die kerk nie. Dit vertel ons aanvaar mekaar. Ons hou nie altyd van mekaar nie, ons kom nie altyd oor die weg nie, maar ons behoort aan mekaar. Die Here het ook vir julle as familie aan mekaar gegee. Daarom moet ons vir mekaar sorg. Daarom is ons vir mekaar verantwoordelik. Dis eenvoudig wat familie doen. Dis waar van die kerk ook. Ons sorg vir mekaar en Jesus maak ons vir mekaar verantwoordelik. Sodat ek nie alleen hoef te lag nie en nie alleen hoef te huil nie en my las alleen hoef te dra nie en ander mense ook nie.

Die woordjie gemak:

lewers het daar in ons kerktal hierdie lelike woordjie gemak ingesluip. Hy staan nie in die Bybel nie en is die deel van Jesus se woordeskat nie. Dit staan ook nêrens in die Bybel die gemeente is die kliente en die dominees en kerkraad moet die kliente tevrede en gelukkig en gemaklik hou nie. In die Bybel is Christene mense wat almal gawes van die Here ontvang het sodat hulle mekaar kan dien. Die

probleem met hierdie woordjie gemak is dat ek net naby kom aan ander Christene en diensbaar is as dit my pas en as dit vir my gerieflik is. Want gemak begin mos weer by my, by die eie-ek. Ek sal by jou betrokke wees as ek die lus en die krag daarvoor het. Maar ek wil nie graag na jou kerk toe kom nie en ek wil nie graag by 'n plek gaan parkeer waar ek nie gewoon aan is nie. Ek het al my parkeerplek by my eie kerk en ek is tuis daar. Ek hou van ons band en ek voel gemaklik hier- moet my nie ontwrig nie. Die aircon is lekker en ek gesels lekker met ons mense na die tyd. Ons dominees preek darem gewoonlik so dat dit jou nie te veel onstel nie. Hulle is darem nie soos dominee Tienie wat nie weet wat hy moet preek nie! As ons dus iets gesamentlik moet doen, kom julle eerder na ons kerk toe. Die woordjie gemak beteken ons praat baie lekker die saamwees en die ons, maar ons implementeer en doen dit baie moeilik. Hierdie saamwees moet net te veel van ons vra nie. Of ons wil dit op ons terme doen.

Om mekaar se broers en susters te wees is nie gemaklik en gerieflik nie. Dit vra offers. Johannes moes vir Maria in sy huis inneem en vir haar sorg tot op haar oudag en haar dood! Daar is party aande wat jy moeg is en dalk nie lus is vir die kleingroep byeenkoms nie. Maar hierdie mense is jou familie en jy wil hulle nie mis nie. Jy wil hoor of daardie een se kleinkind beter is en hoe dit met Piet se operasie gegaan het. Jy is nie altyd lus vir die Passiespele oefening nie. Dis te warm of jy is te besig. Maar jy drop die res van die cast as jy nie opdaag en jou deel ken nie! Julle het hierdie familie geword wat saamwerk aan iets besonders.

Ons sien worship of aanbidding nog steeds baie keer as hierdie erediens of kategeese vir een uur elke Sondag. Dis ook gemaklik om so daaraan te dink- dan het ek kerk afgehandel as ek in my kar klim na die diens. Ons behoort die Here te aanbid van Maandag tot Saterdag ook. Hoe ek met die geld werk wat die Here vir my gegee het, is my aanbidding. Hoe ek met my tyd maak wat die Here my gegee het en wat ek daarmee maak is my aanbidding. Hoe ek in verhoudings teenoor familie optree- my geestelike familie in die kerk of bloedfamilie by die huis of mense by die skool of werk is my aanbidding. Die Boodskap vertaling van Fiiippense 1 praat van die kerk as hierdie advertensie vir Christus. Hoe is ons daardie advertensie vir Christus? As ons een in liefde, een van hart en een in strewe is, lees die Nuwe Vertaling. Ons word die advertensie as ons nie net kerk hou en kerk praat nie, maar kerk lewe saam met mekaar en teenoor mekaar.

Amen